education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

FEBRUARIE/MAART 2009

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: Kreatiewe tekste	(50)
AFDELING B: Langer transaksionele tekste	(30)
AFDELING C: Korter transaksionele tekste	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A.
3. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING B.
4. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING C.
5. Skryf netjies en leesbaar met blou ink.
6. Dui die nommer en onderwerp van jou skryfstuk duidelik aan.
7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Punte word vir *beplanning/redigering, taal/styl* en *inhoud* toegeken.
9. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning/redigering wees. Redigering kan met potlood op die beplanningsweergawe(s) gedoen word. Hieronder volg 'n voorbeeld van hoe beplanning/redigering gedoen kan word:

BEPLANNING/REDIGERING



…… ✓ ……..
….*er*……☑
……**XXXX**……

……☒ ……⊗ ☚……
……..**?**
……..Par ☒…….

FINALE PRODUK

1.3 **Onderwerp**

_____
_____
_____
_____

_____
_____

AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)

VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400 – 450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

1.1 Skryf 'n VERHALENDE OPSTEL met die volgende titel:

'n Tweede kans … **[50]**

OF

1.2 Jou bure kan jy selde kies. Soms is hulle gawe mense. Soms is hulle bure wat jou op die vlug wil laat slaan. Skryf 'n BESKRYWENDE OPSTEL met die volgende titel:

Bure wat jou hare laat rys!



[Uit: *Vrouekeur*, 10 Desember 2004] **[50]**

OF

1.3 Lees en kyk na die onderstaande prikkel en skryf 'n BEREDENERENDE OPSTEL daaroor.



[Uit: *Vrouekeur*, 10 Desember 2004] **[50]**

OF

1.4 Kies EEN van die prikkels en ontwikkel jou eie tema. Die aard van die opstel kan verhalend, beskrywend, beredenerend, feitlik, betogend of bespiegelend wees.

1.4.1

[Uit: *Huisgenoot*, Mei 2006]

1.4.2

[Uit: *Vrouekeur*, September 2007]

1.4.3

[Uit: *Weg*, Augustus 2007]

1.4.4

[Uit: *Insig*, Junie 2004]

1.4.5

[Uit: *Beeld*, 20 November 2007]

1.4.6

[Uit: *Huisgenoot*, September 2007] **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180 – 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk aan.

2.1 Skryf 'n AANSOEKBRIEF na aanleiding van die onderstaande advertensie wat in *Beeld* verskyn het.

VERKOOPSASSISTENT:
ALGEMENE BOEKE

Van Schaik Boekhandel benodig 'n vlot tweetalige verkoopsassistent (Afrikaans & Engels) met administratiewe aanleg en 'n lewendige belangstelling in die boekewêreld.

Hierbenewens verg die aanstelling ten minste 'n Nasionale Senior Sertifikaat.

Kortliks behels verantwoordelikhede die volgende:
• verkope • hantering van navrae en kwotasies • advisering van biblioteke • beprysing en wegpak van voorraad • uitstallings

Ons bied 'n markverwante salaris wat aangevul word deur byvoordele soos 'n 13de tjek, asook 'n mediese skema en aftreefonds.

Aansoeke moet vóór 13 Maart 2009 gerig word aan Quincy Zibi by recruit@vanschaik.com of faks 021 914 5304. Skakel hom gerus by 021 918 8470 vir nadere besonderhede.

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik.

Daar sal tot 18 Maart 2009 met slegs kortlyskandidate gekorrespondeer word. Andersins moet aanvaar word dat 'n aansoek onsuksesvol was.

•VAN SCHAIK•
GROUP GROEP

[Aangepas uit: *Beeld* (*Netads*), 9 April 2008] **[30]**

OF

2.2 Skryf 'n KOERANTBERIG na aanleiding van EEN van die onderstaande koppe.

Tegnologiese reis

Formule 1 eindig dramaties!

Beurtkrag frustreer

Swendelaar vasgetrek

Bekende ster besoek SA

Daar ís nog goeie mense – Ouma

[30]

OF

2.3 Jy is die kaptein van jou span. Julle speel môre in die finaal. Skryf jou MOTIVERINGSPRAATJIE neer. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 3

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 100 – 120 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

3.1 Jy het DRIE onvergeetlike dae in 'n natuurreservaat deurgebring. Skryf jou DAGBOEKINSKRYWING vir elke dag neer. **[20]**

OF

3.2 Ontwerp 'n BEDANKINGSKAARTJIE wat jy aan jou skoolhoof en die personeel wil stuur waarin jy hul aandeel in jou opleiding en vorming erken. (LET WEL: Jy moet nie jou skryfstuk met grafika/sketse versier nie. Verskaf slegs die inligting.) **[20]**

OF

3.3 'n Vreemdeling besoek jul dorp/stad. Gee die persoon rigtingaanwysings om by die naaste winkel/winkelsentrum te kom. Jou rigtingaanwysings moet puntsgewys en in volsinne aangebied word. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou